8. Gelde deur die Raad bewillig as bydrae tot onthaal van buite instansies word uitbetaal uiter 14 dae voor die onthaal. Dit is die verantwoordelikheid van die Stadsekretaris om hom te vergewis dat die bedrag gespandeer deur 'n ontvanger-instansie meer is as die Raadsbydrae indien die Raadsbesluit so lees.
9. Tjeks word slegs op dae en tye soos deur die Stadstesourier bepaal uitgereik terwyl 'n skriftelike aanvraag vir die uitreiking van 'n tjek die Stadstesourier minstens 12h00 die dag vóór uitreiking moet bereik.

58

D VOORRADE EN MATERIAAL:

1. Die Stadstesourier hou 'n omvattende voorraadregister waarin volle besonderhede van aankope en uitrekings voorkom en te eniger tyd ge- balanseer kan word.
2. Alle voorrade en materiaal wat vir toekomstige gebruik bedoel is, word gehou in 'n magasyn onder die beheer van die Stadstesourier wat verantwoordelik is vir periodieke opnames van sodanige voorrade en materiaal welke opnames in elk geval minstens een keer jaar gemaak sal word.
3. Slegs met die goedkeuring van die Stadstesourier en onderworpe aan sodanige voorwaardes deur hom bepaal mag sekere voorrade en materiaal deur 'n afdeling gehou word. Dit is in elk geval beperk tot noodvoorraad of voorraad bestem vir herverkoop. Elke Departementshoof moet die voorraad fisies opneem op 30 Junie van elke jaar of soos en wanneer die Stadstesourier dit vereis en 'n skriftelike lys aan die Stadstesourier verstrek.
4. Geen nuwe items word op voorraad geplaas alvorens die voorgeskrewe vorm soos bepaal deur die Stadstesourier voltooi en deur die Stadstesourier of sy gemagtigde goedgekeur is nie. Elke Departementshoof moet toesien dat ouer items eers gebruik word alvorens nuwe items onttrek word. Departementshoofde is verantwoordelik daarvoor om toe te sien dat voorraaditems, wat vir uitsluitlike gebruik deur sy departement bestem is, nie onnodig in voorraad gehou word nie.
5. Die Stadstesourier doen jaarliks skriftelik verslag aan die Raad van die hoeveelheid en waarde van elke oorskot of tekort in voorrade en materiaal wat by voorraadopname blyk en verstrek redes daarvoor. Hy mag ook ten opsigte van voorrade en materiaal gehou kragtens D(3) die betrokke afdelingshoof versoek om sodanige redes skriftelik aan hom te verstrek.
6. Behalwe waar die Stadstesourier van oordeel is dat spesiale omstandighede dit regverdig, word geen groter voorraad as wat 'n afdeling blykens ondervinding gewoonweg nodig het, deur of namens so 'n afdeling gehou nie.
7. Uitgesonderd goedere wat met kleinkasgeld uit 'n voorskotrekening ingevolge die bepalings van regulasie C6 aangekoop word, word alle goedere en materiaal deur middel van 'n amptelike magasynrekvisisie, wat deur die betrokke Departementshoof of sy gevoldmagtigde onderteken is, deur die Stadstesourier aangekoop.
8. Na voltooiing van 'n werk word oorskotmateriaal en uitrusting, vergesel van 'n kennisgewing voorgeskryf deur die Stadstesourier aan 'n magasyn of ander plek deur die Stadstesourier bepaal, gestuur.
9. Elke departementshoof is verantwoordelik vir die veilige bewaring van goedere en materiaal aan sy afdeling uitgereik.

10. Departementshoofde is verplig om toe te sien dat amptenare onder sy beheer items wat in voorraad by die Magasyn gehou word gebruik en hy mag nie soortgelyke items direk hetsy uit die kleinkas of per bestelling aankoop nie. Slegs in uitsonderlike gevalle, nadat 'n skriftelike motivering deur die betrokke departementshoof ontvang is en dit vir die Stadstesourier aanvaarbaar is, mag items soortgelyk aan dit wat in voorraad gehou word, aangekoop word. Is die hoofde egter van mening dat 'n ander produk beter is as dit wat in voorraad gehou word, kan dit skriftelik onder die Kontroleur van Voorrade se aandag gebring word om by die aanvaarding van toekomstige tenders en aankope in gedagte te hou.
11. 'n Bestelling word nie by die Kontroleur van Voorrade aangevra indien goedere/dienste reeds bestel of ontvang is nie. Geen aankope word gedoen sonder om vooraf 'n amptelike bestelling te bekomen nie. Slegs die Stadstesourier of persone deur hom gemagtig mag bestellings uitreik of in besit wees van amptelike bestelboeke van die Raad.
12. Tender- en Kwotasiespesifikasies vir goedere en materiaal ten opsigte van voorraaditems, word deur die betrokke Departementshoof in samewerking met die Stadstesourier opgestel. Die Departementshoof en Stadstesourier rapporteer gesamentlik oor die kwotasië of tender wat vir aanname aanbeveel word. Waar die kwotasië of tender wat aanbeveel word nie die laagste is nie, word volledige redes vir die aanname daarvan, verstrek.
13. Spesifikasies vir voertuie en toerusting (en masjienerie waarvoor die Elektrotegniese en Werktuigkundige Stadsingenieur in terme van die bepalings van die Wet op Beroepsveiligheid verantwoordelik is) word deur die betrokke Departementshoof in samewerking met die Elektrotegniese en Werktuigkundige Stadsingenieur opgestel. Die Departementshoof en Elektrotegniese en Werktuigkundige Stadsingenieur rapporteer gesamentlik oor die kwotasië of tender wat vir aanname aanbeveel word. Waar die kwotasië of tender wat aanbeveel word nie die laagste is nie, word volledige redes vir die aanname daarvan verstrek.
14. (i) Alle drukwerk soos kaartjies, kwitansieboeke, bestellingsboeke, tjekvorms en stukke wat as bewys van betaling of dienste gelewer uitgereik kan word, word slegs deur die Stadstesourier aangekoop en uitgereik. Geen rekvisisie vir aankope van hierdie aard sal aanvaar word tensy dit deur die Departementshoof onderteken is nie. In gevalle waar Departemente wel boeke direk van instansies ontvang of boeke in noodgevalle van ander Plaaslike Owerhede teen, mag sodanige boeke nie vir gebruik aangewend word alvorens dit deur die interne Ouditafdeling gesertifiseer is nie.
- (ii) Die Stadstesourier hou 'n register by van alle aankope en uitreikings kragtens die bepalings van sub-regulasie 14(i)
- (iii) Ontvangs van 'n uitreiking aan 'n afdeling word erken by wyse van 'n handtekening in die register waarna in sub-regulasie (ii) verwys word, van 'n amptenaar behoorlik daartoe gemagtig om die gemelde uitreiking in ontvangs te neem.

15. Geen magasynrekvisisie word uitgevoer tensy besonderhede soos deur die Stadstesourier bepaal van die pos of werk wat ten opsigte van gelewerde goedere of materiaal gedebiteer moet word, duidelik daarop aangedui is nie.
16. Goedere en materiaal word slegs in uitsonderlike gevalle in opdrag van die Stadstesourier regstreeks op 'n ander plek as die magasyn gelewer. Die amptenaar deur die betrokke Departementshoof daartoe gemagtig neem dit in ontvangs en teken die afleweringsbrief wat daarna via die Departementshoof aan die Stadstesourier besorg word.
17. Onderworpe aan die bepalings van Subregulasie F3 doen Departementshoofde onverwyld verslag ten opsigte van goedere, materiaal, masjinerie en enige ander toerusting wat as oortollig of verouderd beskou word. Die Stadstesourier handel daarmee soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

**E KAPITAALUITGAWES:**

1. Geen kapitaaluitgawe word aangegaan alvorens die Raad dit in sy begroting goedgekeur net nie.
2. Dit is die plig van elke Departementshoof om homself te vergewis van wat deur die Stadstesourier as kapitaal beskou word met ander woorde 'n uitgawe mag nie aangegaan word onder die voorwendsel dat die betrokke onder die indruk verkeer het dat dit 'n bedryfsuitgawe is nie.
3. Departementshoofde wat verantwoordelik is vir die uitvoering van werk ten opsigte waarvan kosterekeninge gehou word moet die Stadstesourier voor die werk begin word, voorsien van 'n beraming van arbeid, materiaal, toesighouding en ander kostes.
4. Die Stadstesourier vergelyk die werklike koste ten opsigte van alle werkbestellings wat uitgereik is met die beraamde koste wat verstrek is en kan die betrokke departementshoof versoek om verslag doen van kostewisselings/afwykings.
5. Geen dienste / werk word deur een afdeling vir 'n ander afdeling gedoen sonder die nodige magtiging van die betrokke afdeling nie. Sodanige dienste word gelewer en verreken teen heersende departementele tariewe soos goedgekeur deur die Stadstesourier. Opgawes van tyd, vervoer, oordragte ens., word onmiddellik na die Stadstesourier gestuur vir die nodige verrekening.
6. Uitgesonderd waar deur regulasie gemagtig, word geen materiaal aan of werk vir 'n private persoon, instansie of saak verskaf of verrig, sonder die uitreiking van 'n Werkbestelling onderteken deur die betrokke Direkteur of Departementshoof nie.
7. Die koste van materiaal aldus verskaf of dienste gelewer ingevolge regulasie E6 is die totale departementele koste plus die normale heffing op privaatwerk soos goedgekeur deur die Raad.
8. Geen aankope ten opsigte van vcertuie, meubels ens.(d w s kapitaal-items) mag gedoen word na 31 Maart van elke jaar nie, sonder die skriftelike toestemming van die Stadstesourier.

**F KAPITAALBATES:**

1. 'n Departementshoof stel die Stadstesourier onverwyld skriftelik in kennis van die aankoop, verkoop, sloping of vernietiging van 'n kapitaal bate wat onder sy beheer staan of van enige gebeurtenis wat so 'n kapitaalbate wesenlik affekteer en verstrek sodanige inligting in verband met bates van die Raad onder sy beheer wat die Stadstesourier mag vereis.
2. Elke departement hou aparte inventarisse van alle kapitaal (volgens bateregister) en nie-kapitaal bates (d w s gereedskap, boeke en ander bates waarvan daar nie besonderhede in die kapitaal-bateregister vervat is nie) op so 'n wyse as deur die Stadstesourier voorgeskryf.
3. 'n Departementshoof reël dat die kapitaal- en nie-kapitaal bates vermeld in F (2) aan die end van elke boekjaar en indien die Stadstesourier dit vereis ook in die loop van die boekjaar, ten volle gekontroleer word deur 'n fisiese opname. Hy doen verder skriftelik verslag oor enige tekort waarvan daar na die mening van die Stadstesourier, nie op bevredigende wyse rekenskap gegee word nie. Afskrifte van gekontroleerde lyste/inventarissoos op 30 Junie elke jaar word by die Stadstesourier ingedien voor 31 Julie.
4. Elke Departementshoof moet tydens aankoop (ontvangs) van kapitaal-bates die bates onmiddellik merk deur die aanbring van 'n batenommer in ooreleg met die Stadstesourier (Batekontroleur).

(63)

G VERSEKERING:

1. Departementshoofde voorsien die Stadstesourier van 'n lys van bates wat en risikos waarteen verseker behoort te word en stel hom sonder versuim in kennis van alle nuwe bates wat en risikos waarteen verseker behoort te word en van enige verandering ten opsigte van enige bate wat of risiko waarteen verseker is.
2. Enige gebeurtenis wat waarskynlik aanleiding mag gee tot 'n eis deur of teen die Raad of sy versekeraars en enige ongeluk word binne 7 dae deur die hoof van die betrokke departement skriftelik aan die Stadstesourier gerapporteer en die Stadstesourier verwittig so gou moontlik die Raad se versekeraars daarvan.
3. Die Stadstesourier hou 'n register van alle versekering en bewaar alle versekeringspolisse. Hy onderhandel in verband met eise en die invordering van geld betaalbaar aan die Raad onder of kragtens enige versekeringspolis.
4. In gevalle waar versekering uitgeneem moet word deur privaat persone of instansies, ter beskerming van die Raad se belang, word die nodige dokumentêre bewys deur die betrokke Departementshoof (waar die oorspronklike kontrak bewaar word) verkry, instand gehou en bewaar.

(64)

H BELEGGINGS:

1. Die Stadstesourier belê die Raad se fondse ooreenkomstig die neergelegde beleid van die Raad.

I INTERNE OUDITERING EN BOEKHOUING:

1. Die Interne Auditpersoneel het toegang tot die rekeningboeke en stukke van alle departemente vir auditdoeleindes.
2. Op versoek van die Stadstesourier of Interne Auditpersoneel verskaf alle amptenare na die beste van hul wete sodanige inligting met betrekking tot finansiële sake as wat hy mag vereis.
3. Die stelsel gevvolg deur 'n afdeling vir die invordering van inkomste, die hou van boeke of enige stukke aangaande finansiële aangeleenthede met inbegrip van kostberekening, is onderworpe aan die goedkeuring van die Stadstesourier. Daar word van geen sodanige stelsel afgewyk of daarvan verander sonder die Stadstesourier se voorafverkreeë goedkeuring nie.
4. 'n Afskrif van alle verslae en navrae deur die Interne Auditpersoneel insake audit-aangeleenthede word aan die Stadstesourier verskaf.
5. 'n Kwartaallikse verslag insake finansiële werksaamhede verrig deur die Interne Auditpersoneel word aan die Direkteur Administratiewe Dienste voorgelê vir kennissname. ('n Afskrif daarvan word aan die Stadstesourier oorhandig.)

65

J. BEWARING VAN DOKUMENTE:

1. Alle transportaktes, eiendomsbewyse, huurkonakte, ooreenkomste, dienskonakte leningsooreenkomste en dergelyke stukke word deur die Stadsekretaris ontvang en in veilige bewaring geplaas.
2. Alle dokumente genoem in J(1) word deur die Stadsekretaris in 'n register aangeteken waarin die nommer, aard, geldigheidsduur enige ander inligting van belang, ten opsigte van elke dokument verstrek word.
3. Die Stadsekretaris stel die Stadstesourier skriftelik in kennis van enige finansiële bepalings vervat in dokumente genoem in J(1) en voorsien die Stadstesourier van volledige afskrifte van ondertekende dokumente in gevalle waar verhalings van geldte betrokke is.

66

K PERSONEEL:

1. Die Hoof Bestuursdienste ko-ordineer en beheer die persoonlike rekords van die Raad se personeel en stel die Stadstesourier onverwyld in kennis van enige wisseling van of byvoeging tot die personeel van alle afdelings, wysiging in salaris- of loonskale, byvoordele, verlof toegestaan en afwesigheid van 'n werknemer van diens sonder verlof.
2. Die Stadstesourier is verantwoordelik vir die nasien van betaalstate en die betaling van alle salarisse, lone en toelaes.
3. Die Hoof Bestuursdienste is verantwoordelik vir die toepassing van wette, statute en diensvoorwaardes en stel die Stadstesourier onverwyld in kennis in soverre dit finansiële aspekte aangaan.
4. Personeelsterktes word jaarliks deur die Hoof Bestuursdienste aan die Raad voorgelê vir goedkeuring gedurende Februarie van elke jaar.
5. Departementshoofde is verantwoordelik om toe te sien dat verlofforms te alle tye ingediën word en die Hoof Bestuursdienste bereik, waarna die Hoof Bestuursdienste sal toesien dat die betrokke verlofrekords dienooreenkomsdig aangepas word.

(67)

L TENDERS:

1. Indiening van Tenders:

1.1. Elke tender word

- in 'n verseëlde omslag, waarop die tendernommer duidelik aange-  
toon is, ingedien;
- nie later as die sluitingsdatum en tyd in die tenderbus geplaas.

1.2. 'n Tender wat per pos gestuur word, sal slegs vir oorweging deur  
die Stadsraad in ontvangs geneem word indien sodanige tender

- aan die voorskrifte in (1.1.) hierbo voldoen;
- en aan die Stadsklerk geadresseer word en die Stadsklerk betyds  
bereik om voor die sluitingstyd in die tenderbus geplaas te kan  
word.

2. Oopmaak van Tenders:

2.1. Tenders word in die openbaar deur die Stadsekretaris of deur sy  
gemagtigde tesame met 'n verteenwoordiger van die betrokke  
departement oopgemaak onmiddellik na die sluitingstyd vir die  
ontvangs van die tenders.

2.2. Tenders wat so oopgemaak word, moet geteken en gedateer word  
deur die persone wat hulle oopgemaak het.

2.3. Soos die tenders oopgemaak word, word die naam van die tender-  
aar, waar prakties moontlik, die tenderprys en die tydperk van  
aflewering en/of voltooiing uitgelees.

2.4. Geen verdere besonderhede word verstrek nie.

2.5. Nadat die tenders oopgemaak en 'n lys daarvan opgestel is, word  
sodanige tenders na die betrokke departementshoof verwys.

3. Voorlegging van Tenders aan die Raad:

3.1. Die betrokke hoof of hoofde lê aan die Bestuurskomitee 'n verge-  
lykende skedule van tenders voor met die nodige aanbevelings.

3.2. Die redes waarom tenders aanbeveel word, word duidelik vermeld  
en waar net een tender ontvang is en vir aanname aanbeveel word,  
word dit vermeld of die prys billik en redelik beskou word. So-  
danige redes, tesame met 'n aanduiding dat die aanname van 'n  
tender as 'n geheel doeltreffende administrasie sal bevorder,  
word ook verstrek in gevalle waar die tender wat aanbeveel word  
die laagste is vir die meeste artikels of vir die wat hoofsaak-  
lik benodig word, ofskoon die prys vir artikels wat minder be-  
langrik is hoër mag wees as die van ander tenders.

68

- 3.3. Waar die laagste tender nie vir aanname aanbeveel word nie, verklaar die betrokke departementshoof dat na sy mening die aanbevelings wat gemaak is in belang is van en die beste waarde vir die Stadsraad bied.
- 3.4. Enige afwyking van die tendervooraardes of spesiale voorwaardes wat die tenderaar stel, moet duidelik in die verslag aangetoon word.
- 3.5. Waar moontlik moet die itemnommer op die Kapitaalbegroting en die posnommer waarteen die uitgawe gedebiteer sal word, met vermelding van die bedrag voorsien en of daar voldoende fondse beskikbaar is, al dan nie verstrek word.
- 3.6. Onder geen omstandighede word inligting in verband met die aanbevelings vervat in enigeverslag ten opsigte van tenders, aan enige tenderaar of enige ander ongemagtigde persoon of hy in die aanname daarvan belangstel of nie, verstrek nie.

#### 4. Geldigheid van Tenders:

Die tydperk waarvoor tenders van krag moet bly, word bereken vanaf die sluitingsdatum van die tenders, dog sluit dit nie in nie, en as die tydperk wat aldus bereken word op 'n Sondag, openbare vakansiedag of 'n ander dag waarop die kantore gesluit is, verstryk, moet die tenders van krag bly tot sluitingstyd van die daaropvolgende werksdag van die kantoor.

#### 5. Strawwe:

- 5.1. Wanneer 'n kontrak aan 'n tenderaar toegeken is as gevolg van voorkeur wat deur hom geëis en toegelaat is ooreenkomsdig artikel 143 van Ordonnansie nr 8 van 1962 en daar later tot bevrediging van die Raad bewys word dat die geëiste voorkeur te hoog was, kan die Raad, benewens enige ander regsmiddel waaroor hy beskik:

- in sy diskresie die kontrak kanselleer, of
- die kontrakteur vergoed teen die tenderpryse wat aanvaar sou gewees het indien die wanvoorstelling nie gemaak was nie.

#### 5.2. Indien die Raad daarvan oortuig is dat

- 5.2.1. 'n Raadslid, 'n beampie of werknemer van die Raad, omkoopgeld of ander vergoeding aangebied, of beloof is, of ontvang het in verband met die verkryging of die uitvoering van 'n kontrak of

- 5.2.2. 'n tenderaar of kontrakteur op 'n bedrieglike wyse of te kwadertrou of op 'n ander onbevredigende wyse opgetree het in die uitvoering van 'n kontrak met die Raad of dat hy sy sake so gedryf het dat hy versuim het om enige wetstrafregtelike skuldig is of

5.2.3. 'n tenderaar of kontrakteur voor of nadat die vra van 'n tender geadverteer is, 'n Raadslid, 'n beampte of werknemer van die Raad genader het met die doel om die toeënkning van die betrokke tender in sy guns te beïnvloed

kan die Raad besluit om die kontrak te kanselleer sonder benadering van enige regte kragtens die tender- of kontrakvoorwaardes.

5.3. Wanneer 'n tenderaar of kontrakteur wat in kennis gestel is dat sy tender aangeneem is, die Raad verwittig van sy onvermoë om die kontrak ooreenkomsdig sy tender uit te voer, of versium om binne die tydperk in die tendervoortwaardes bepaal of binne die verlengde tydperk wat die Raad toelaat, 'n kontrak te onderteken of sekerheid te stel ooreenkomsdig die bepalings van die tender, kan die Raad besluit om die kontrak te kanselleer sonder benadering van enige regte kragtens die tender- of kontrakvoorwaardes.

5.4. Indien 'n tenderaar sy tender terugtrek na die sluitingsdatum en die sluitingstyd vir die ontvangs van tenders, verbeur hy sy deposito indien dit van toepassing op hom is of na gelang van die geval.

#### 6. Prysstygings:

Die Stadstesourier word gemagtig om, op voorlegging van dokumentêre bewyse, en indien die tendervoortwaardes daarvoor voorsiening maak, prysstygings op aanvaarde tenders goed te keur.

#### M HUUR- EN ANDER OOREENKOMSTE:

Enige huur-, dienskontrak of ander ooreenkoms wat die Raad verbind vir die betaling van meer as drie paaiemente moet aan die Raad vir goedkeuring voorgelê word nadat die nodige tenders/kwotasies ingewin is (Sien item B2)

N INVORDERING VAN EN BEHEER OOR INKOMSTE:

1. Die invordering, beheer, bewaring en bank van ontvangstes moet geskied ooreenkomsdig die bepalings van die auditregulasies.
2. Aanvullende tot bogemelde regulasies word die volgende verdere vereistes gestel:
  - 2.1. Die Stadstesourier is verantwoordelik vir die invordering van alle inkomstes wat die Raad toekom, tensy dit deur die Raad aan 'n ander departement opgedra is.
  - 2.2. Alle inkomste wat deur 'n ander departement ingevorder word ingevolge regulasie 2.1. word by die departement van die Stadstesourier inbetaal of, met goedkeuring van die Stadstesourier en ooreenkomsdig sy voorskrifte, direk by die Raad se bankiers.
  - 2.3. Enige regstellings met betrekking tot tekorte/surplusse in kontant is onderhewig aan goedkeuring/sertifisering deur die Interne Auditafdeling.
  - 2.4. Wisselbare tjeks moet binne 24 uur gekwiteer word, nie-werkdae uitgesluit.
3. Invorderingstappe, reëlings en uitstel met betrekking tot betaling van rekenings word deur die Stadstesourier gedoen ooreenkomsdig sy voorskrifte.
4. In gevalle waar deposito's gevorder word, hou die betrokke Departement 'n volledige register by wat versoen moet word met die betrokke depositorekening gehou deur die Stadstesourier. 'n Afskrif van die Stadstesourier se Deposito Kontrole rekening sal maandeliks aan Departemente voorsien word. Genoemde register moet jaarliks voor 31 Julie aan die Stadstesourier vir sertifisering voorgelê word.
5. Die Stadstesourier kan, in oorleg met die Elektrotegniese en Werktuigkundige Stadsingenieur 'n elektrisiteitsmeter as onjuis sertifiseer in terme van Paragraaf 32(3) van die Raad se Elektrisiteits Regulasies en die nodige debiet/krediet hef/toestaan in terme van Paragraaf 32(4) van dieselfde regulasies.
6. Die Stadstesourier kan, in oorleg met die Stadsingenieur, 'n watermeter as onjuis sertifiseer in terme van Paragraaf 34(a) van die Raad se Waterregulasies en die nodige debiet/krediet hef/toestaan in terme van Paragraaf 34(b) van dieselfde regulasies.

71

O INTERNE BEHEER:

1. Dit is die verantwoordelikheid van elke Departementshoof

- (i) om interne beheerstelsels in te stel en by te hou ten einde te verseker dat werkzaamhede op 'n doeltreffende en geordende wyse verrig word,
- (ii) om te verseker dat afdoende maatreëls getref word om rekenaartoerusting, programme en verwante rekords te beveilig, en
- (iii) om in die algemeen alle bates en rekords waarvoor die Departement verantwoordelik is in stand te hou en te beveilig.

## P ALGEMEEN:

1. Die Stadstesourier doen aansoek, na gelang van die Raad se behoeftes, vir oortrokke fasiliteite by die Raad se bankiers met dien verstande dat dit nie 'n bedrag van R3 miljoen oorskry sonder goedkeuring van die Bestuurskomitee nie.
2. Departementele tariewe van distribusierekenings van voertuie, masjinerie, toerusting en arbeid word van tyd tot tyd vasgestel deur die Stadstesourier.
3. Departementshoofde rapporteer onreëlmatighede waarby diefstal, bedrog of ander aspekte betrokke is, onverwyld aan die Stadsklerk (met 'n afskrif aan die Stadstesourier) met vermelding van volledige besonderhede.
4. Departementshoofde moet toesien dat die Hoof Bestuursdienste skriftelik in kennis gestel word indien werknemers, wat afgevaardig is om kongresse, vergaderings, of iets dergeliks by te woon, om een of ander rede nie die kongres, vergadering of iets dergeliks, bygewoon het nie, of enige inligting soos verstrek op die Reis- en Verblyfform later blyk foutief te wees. ('n Afskrif moet te alle tye aan die Stadstesourier voorsien word).
5. Dit is 'n Departementshoof se verantwoordelikheid om toe te sien dat, indien 'n tjek vir die betaling van enige rekening of iets dergeliks aangevra word en geld is verhaalbaar van enige persoon, die Stadstesourier tesame met die gesertifiseerde rekening ook skriftelik in kennis gestel word van die feit dat die geld verhaalbaar is.
6. Geen bate-item, toerusting, uitgediende of oortollige materiaal mag deur enige werknemer vanaf Municipale eiendom verwijder word of vir persoonlike of werksgebruik na sy woonplek of ander nie-municipale eiendom geneem word sonder die skriftelike goedkeuring van sy Departementshoof nie. In die goedkeuring moet die tyd van gebruik en bestemming van die goedere gespesifieer word.
7. Geen rekenaartoerusting, met inbegrip van enige randtoerusting, sagteware of toepassingspakkette mag aangekoop word, ontwikkel of uitgebri word sonder die toestemming van die Rekenaarbeheer komitee nie.